Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 6, Nr 4, 1976. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

# DIE UNIEVERDEDIGINGSMAGTE EN DIE VOORAAND VAN DIE TWEEDE WÊRELDOORLOG (1934-1939)

On 23 March 1939 Mr Oswald Pirow, Minister of Defence of the Union of South Africa, reported in Parliament on the progress made in executing the Five-year plan launched in May 1934. The programme had been aimed at developing and increasing the effectiveness of the Union Defence Forces. Ironically the five years covered by Pirow's plan coincided with the last five years of peace before the world was plunged into the second major conflict of the century. It is interesting therefore to consider to what extent the plan prepared South Africa's Defence Force for the war to come.

When the programme was launched the Union's economy and military position was poor. During the preceeding years 1929 to 1932 the country had been gripped by an economic depression which coincided with the severest drought ever experienced in the country. The depression had an impact on nearly every facet of the South African economy, including the public sector and the defence budget. In 1929 £1 019 529 was budgeted but thereafter the amount declined yearly until the lowest figure was reached in 1932 — only £720 976. But the depression's effect was now spent and a gradual inmprovement in the economic situation was noticeable. This gave way to an increase in the defence budget.

Meanwhile the international situation was beginning to change as the European dictatorships began to disturb the balance of power in Europe. In South Africa this gave rise to a new crisis of divided loyalties, culminating in arguments about the country's international responsibilities and role in any future conflict.

Thus by 1934 it was clear that the Department of Defence would have to enter a new phase of development. By then the need for the expansion and the reorganisation of the Union's defence system were vital. The state of the international affairs added to the urgency which accompanied this necessity.

Among the matters studied and discussed was the Union's ability to wage war with the supplies at hand. By 1934 there was a general trend towards mobilization which called for local manufactured motor and aeroplane engines. This rising cost of production together with the rapid obsolescence of areoplane models and equipment hampered the local production effort. When it became difficult to import even the outdated models, it was decided to assemble Hawker Hartebeests locally. Yet by August 1938 the situation was still unsatisfactory as only 69 Hartebeests as well as seven Hawker Furies were available.

The drive towards mechanization was nearly brought to an end in March 1939. By then it was believed that the Union Forces would operate in territory noted for its thick vegetation. Thus a narrow bush cart drawn by local oxen was considered a suitable solution for the transport problem, although this never passed the experimental stage. Another objective of the plan was aimed at adapting the South African industries to meet war needs. In May 1937 a War Supplies Board was established to administer matters such as production and storage to ensure that South Africa would be self sufficient in times of war.

In fact, the war in which South Africa was shortly to find herself involved was of greater scale than any of the planners had conceived.

## I. Agtergrond

Op 23 Maart 1939 het die Minister van Verdediging, mnr Oswald Pirow, 'n opsomming van die aktiwiteite van sy departement gegee waarin hy gebeurtenisse van die voorafgaande vyf jaar in oënskou geneem het. Volgens sy parlementêre verklaring het die betrokke periode 'n aanvang geneem in Mei 1934 met die aankondiging van 'n vyfjaarontwikkelingsplan. Dit is dus nie bloot toevallig dat die vyf jaar voor die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog hier bespreek word nie — veral aangesien dit juis gedurende dié vyf jaar was wat die Departement hom beywer het om die Unie in staat te stel om homself doeltreffend te kon verdedig.

In so 'n kritiese beskouing moet buitelandse omstandighede gedurig in ag geneem word. Indertyd het die wêreldwye depressie hom duidelik laat geld in Suid-Afrika. Dit is die grootste enkele faktor wat die Verdedigingsbegrotings van 1929 (£1 019 529) na 'n laagtepunt in 1932 laat daal het toe slegs £720 976 begroot is. Eers in 1934 het die begroting tot 'n peil wat ongeveer gelykstaande was aan die van 1929 gestyg (£1 114 394). Op 30 Junie 1935 het die Sekretaris van Verdediging, generaal-majoor A. J. E. Brink, voorsien dat die uitwerking van die depressietydperk beëindig is en dat fondse weer beskikbaar sal wees om noemenswaardige uitbreidings te kan maak — veral wat die Suid-Afrikaanse Lugmag betref. Die

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 6, Nr 4, 1976. http://scientiamilitaria.journals.ac.za



Beplanners van die Unie se Weermag en weerbaarheid: Generaal J. B M. Hertzog (Eerste Minister), advokaat O. Pirow (Minister van Verdediging in siviele drag net agter hom) met generaal A. J. E. Brink (Sekretaris van Verdediging) en generaal sir Pierre van Ryneveld (Hoof van die Generale Staf) respektiewelik links en regs van hom.

Verdedigingsbegroting het daarna weliswaar jaarliks 'n merkbare styging getoon sodat in 1937, byvoorbeeld £1 787 041 begroot kon word.

Internasionale politieke gebeure het natuurlik 'n direkte invloed op die evaluasie en beplanning van Verdedigingstelsels. Die merkwaardige herstel van Duitsland na die Eerste Wêreldoorlog en die opkoms van totalitêre state met leiers soos Stalin, Hitler en Mussolini het Europese moondhede onrustig gestem in die vroeë dertigerjare. In Suid-Afrika was dit ook die geval omdat die Suid-Afrikaanse politieke situasie boonop hoegenaamd nie baie stabiel was nie. Die koalisie-regering het moeite ondervind om te midde van partypolitieke verskille, sake objektief te benader. Boonop het baie ander probleme teen die agtergrond van die Afrikaans/Engels-taalgroeperinge uitgekristalliseer. Die Unieverdedigingsmag het uit meer Britse- as Afrikaanssprekende lede bestaan. Verder is die verhouding met Brittanje benadeel deur leiers soos genls Smuts en Hertzog se verskillende interpretasies van die Statuut van Westminster. Daar was ook onsekerheid oor die rol en posisie van Suid-Afrika in die Statebond. Dit het nie probleme geskep ten opsigte van beginselbepaling nie, maar wel by die interpretasie en toepassing van die beginsels, wat ook later 'n statusvrees laat ontwikkel het. Daar was ook nog 'n tradisionele gevoel van aangetrokkenheid by veral sekere Afrikaanssprekende groepe aanwesig.

## II. Die beplanning en oogmerke van Mei 1934

In 1933 neem mnr Oswald Pirow die portefeulje van Minister van Verdediging oor. In dieselfde jaar is brigadier-generaal sir Pierre van Ryneveld, KBE, DSO, MC as hoof van die Generale Staf aangestel. Daar is gevoel dat die Verdedigingsbeleid en -beplanning soos deur die **Committee for Imperial Defence** in 1928 gedoen is, hersien moes word. Motivering en beplanning vir 'n nuwe benadering is op 2 Mei 1934 deur die Minister

in sy begrotingsrede aangekondig. Verdedigingsbeplanning sou op die 1912 Verdedigingswet berus. Daarin is voorsiening gemaak vir 'n Verdedigingsmag bestaande uit 'n klein kern van Staandemagpersoneel, 'n Aktiewe Burgermag wat op 'n vrywilligergrondslag gewerf sou word, 'n Burgermagreserwe (opgebou uit oud-Aktiewe Burgermaglede en oud-Verdedigingskietvereniginglede) en 'n Nasionale reserwe, bestaande uit die oorblywende manlike bevolking tussen 17 en 60 jaar. Daarbenewens moes die Unie van Suid-Afrika se posisie ten opsigte van die Statebond en Brittanje soos bepaal in 1926 en 1931, in ag geneem word en moes nou saamgewerk word met die **Committee for Imperial Defence.**

Die fundamentele beginsels van die beleid van die Unieverdedigingsmag is soos volg in 1934 uiteengesit:

a. Voorkoming en onderdrukking van binnelandse onluste.
b. Militêre opleiding aan 'n gedeelte van die beskikbare jongmanne van die Unie.
c. Beskerming teen 'n aanval van buite.



**Advokaat Oswald Pirow — Minister van Verdediging.**

d. ‚A vague intention to consider the equipment of an expeditionary force in case of a war overseas in which South Africa would consider itself interested.'

Hierdie aanvanklike doelstellings is dwarsdeur die onderhawige tydperk onderskryf, hoewel daar interpretasie- en toepassingsverskille — veral ten opsigte van die laaste doelwit — voorgekom het.

Teen 1934/35 is daar ook begin om moontlike toekomstige bedreigings te identifiseer. Binnelands is die nie-blanke-arbeidsonrus (waarvan daar vele voorbeelde reeds sedert 1913 in die Unie was) uitgesonder. Die Unieverdedigingsmag sou slegs in sulke gevalle ter ondersteuning van die Suid-Afrikaanse Polisie optree. Daar is deur politici veral vir 'n herhaling van die 1922-stakings gevrees.

Die moontlikheid dat die afgeleë geografiese ligging van die Unie grootskaalse invalle en verrassingsaanvalle van vreemde moondhede sou ondervind is uitgesluit, maar daar is wel aanvaar dat die verbondenheid aan Brittanje en die Statebond die Unie indirek by geskille elders op die aarde kan betrek. In 1933 is op die moontlikheid van nie-blanke onrus in Afrika gewys (‚acute nationalism, expressed in self-determination') asook die moontlikheid van Suid-Afrikaanse betrokkenheid daarby.

In 1935 is die moontlikheid van Britse konfrontasie met Frankryk of Japan in ag geneem. Dit is veral in die lig van die uitwerking op die Unie, vanweë sy strategiese posisie, bestudeer. Met hierdie potensiële bedreiging as uitgangspunt is daar hipotetiese teenmaatreëls beplan. Die tekortkominge van Suid-Afrikaanse kusverdediging, soos dit reeds in 1933 deur die **Committee for Imperial Defence** uitgewys is, het uitvoerige aandag geniet en is gevolglik doeltreffend herbeplan. Kusverdediging sou geskied met Britse samewerking wat wapenvoorsiening, praktiese hulp met beplanning en evaluering asook Britse Vlootbeskerming sou insluit. (Die strategiese waarde van die Suid-Afrikaanse kus vir die Britse vloot in die dertigerjare spreek vanself.)

Na aanleiding van hierdie nuwe verdedigingsbeleid, asook die waardering van die bedreiging, kondig die Minister op 2 Mei 1934 sy beplanning vir verdediging aan wat as 'n vyfjaarplan aangepak sou word. Daarvolgens stel

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 6, Nr 4, 1976. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

hy hom ten doel om in vyf jaar 'n aantal doelwitte te bereik: Hy wil die weerbaarheid van die land se burgers verhoog deur 'n georganiseerde kadetbeweging, driejarige Aktiewe Burgermagopleiding, Verdedigingsskietverenigings en die registrasie van hierdie groepe individue op 'n nasionale reserwe; hy beoog ook 'n verbetering in die opleiding en krygstuig van die artillerie en die SA Lugmag; ook word die daarstelling van 'n toereikende inligtingsdiens en 'n algemene organisasie om nie-militêre bronne en hulp in noodtoestande te koördineer, voorsien.

Die bou van motor- en vliegtuigenjins word as onontbeerlik beskryf, terwyl die moontlikheid van die vervaardiging van kleingeweerammunisie ondersoek moes word. 'n Jaarlikse vermeerdering in die Verdedigingsbegroting word voorsien totdat die syfer sowat 'n miljoen pond sou beloop vir 1938-1939.

Daar is reeds verwys na die internasionale politieke onsekerheid. 'n Bewys hiervan is koerantopskrifte tydens Sir Maurice Hankey, Sekretaris van die **Committee for Imperial Defence,** se besoek aan die Unie in Augustus 1934: 'Secret Defence Tour by Cabinet Chief' en 'War is in the Air'.

## III Aspekte in die uitvoering van die Vyfjaarplan

Die belangrikste oogmerke van die vyfjaarplan word vervolgens uiteengesit soos dit tot 1939 uitgekristalliseer het.

### A. Finansies

Hoewel die Minister in Mei 1934 in sy Verdedigingsbegroting van ongeveer £600 000 weliswaar minder voorsien het as wat werklik nodig sou wees, het hy tog gemeen, dat hy sy doelwitte sou kon bereik. Verdedigingsbegroting vir hierdie tydperk het elke jaar die administrasie van Burgerlugvaart en die 'Imperial Airways' ingesluit. Die volgende tabel gee egter 'n idee van die suiwer verdedigingsbegroting vir die onderhawge tydperk:

| | |
|---|---|
| 1934—35 ...... ...... ...... ...... ...... | £1 032 997 |
| 1935—36 ...... ...... ...... ...... ...... | £1 269 690 |
| 1936—37 ...... ...... ...... ...... ...... | £1 310 615 |
| 1937—38 ...... ...... ...... ...... ...... | £1 629 050 |

Die finansies het egter gedurig die grootste beperkende faktor gebly. Advokaat Pirow het dit in 1935 so gestel: 'Within this limit, the Government have practically given the Department a free hand to produce maximum military effectiveness and efficiency'. Teen Junie 1936 was sir Pierre van Ryneveld meer hoopvol. Hoewel £216 496 méér begroot is vir dié jaar, het dit tog nog die krygsbehoeftebeleid ernstig beperk. Die hoë koste verbonde aan vliegtuie, wat veral die gevolg was van nuwe ontwikkelings op hierdie gebied, het die aanskaf daarvan onmoontlik laat lyk. Van Ryneveld skryf in Februarie 1937 aan veldmaarskalk sir C. J. Deverell in Londen dat die Unieverdedigingsmag verplig voel 'to examine into and decide to what extent aircraft is likely to be capable of increasing the offensive power and fighting mobility of our Defence Forces in relation to the problems which we are likely to be confronted with. 'Teen 1938, met die herorganisasie van die Unieverdedigingsmag, beklemtoon die Minister dat vrywillige onbetaalde of feitlik onbetaalde diens 'n belangrike rol moet speel in die uitvoering van die verdedigingstaak. In Junie 1938 is die Verdedigingsjaarverslag deurspek van toerusting tekorte en verouderde toerusting.

### B. Eie voorsiening in Krygsbehoeftes

Soos in Mei 1934 aangekondig, sou daar 'n begin gemaak word met die vervaardiging van kleingeweerammunisie. Hierdie projek het egter so lank gesloer dat die planne eers in Februarie 1937 voltooi is en die Verdedigingsjaarverslag vir die jaar eindigende 30 Junie 1938 net die nadering tot produksiedatum vermeld. Die verslag wys ook daarop dat die fabriek net in staat sou wees om in vredestydse opleidingsbehoeftes te kon voorsien.

In April 1936 is aangekondig dat: 'in future we shall hold only such stores as are incapable of being manufactured in the Union.' Hierna is 'n daadwerklike poging aangewend om binnelandse vervaardiging ook op ander terreine te stimuleer — selfs op 'n baie klein skaal. Hierdie poging het vele tekortkominge aan die lig gebring: Suid-Afrika het 'n behoefte aan 'n spin- en weefbedryf gehad om sy eie wol te verwerk, asook 'n algemene behoefte aan kommersiële industrieë vir die verwerking van roumateriaal. Hierdie behoefte was reeds in 1937 geïdentifiseer, maar dit sou tyd neem alvorens binnelandse hulpbronne in die behoefte sou kon voorsien.



**Generaal sir Pierre van Ryneveld, KBE, DSO, MC hoof van die Generale Staf vanaf 1 Mei 1933 tot 30 April 1949.**

'n Raad vir die voorsiening van Oorlogsbehoeftes ('War Supplies Board') is in die lewe geroep met die doel om sekere nywerhede in Suid-Afrika so aan te pas dat hulle in oorlogsbehoeftes kon voorsien. Hierdie Raad is volgens die Verdedigingsjaarverslag van 1938 in Mei 1937 saamgestel, maar dit het klaarblyklik heelwat vroeër geskied want sir Pierre van Ryneveld het met lof hul bevindings in sy jaarverslag van Junie 1936 en Junie 1937 vermeld.

In die memorandum oor die Unieverdedigingsmag, gedateer 5 April 1937, is 'n uiteensetting van die raad en sy doelstellings gegee. Hierdie raad moes aandag skenk aan aspekte soos stoorruimte, produksie, produksieoorskakeling, ingenieurswerke, ammunisievervaardiging en die vervaardiging van weefstowwe. Hoewel daar met lof van hul aktiwiteite gepraat is, was hulle werk net beperk tot eksperimente vanweë finansiële beperkinge. Sir Pierre van Ryneveld beveel dus aan dat vredestydse behoeftes aan ingenieurswerke in Suid-Afrika bepaal moet word en dat sulke bedrywe geskep moet word wat terselfdertyd hierdie spesialistake kon verrig. Sodoende sou die land in 'n oorlogstydse situasie, onafhanklik en selfvoorsienend wees.

Verder was daar sterk teenkanting in die Unie teen die monopolisering van algemene ammunisie- en wapenvervaardiging. In Februarie 1937 is uitbreiding van die ammunisiefabriek en die moontlikheid van die vervaardiging van enjins nog vermeld, maar teen September 1938 was weinig tasbaars tot uitvoering gebring. Teen April 1937 was dit duidelik dat daar nie voldoende wapens was om in vredestydse opleidingsbehoeftes te voorsien nie. Boonop was die bestaande wapens verouderd en sou ammunisie nie eers naastenby deur voorrade wat van Brittanje afkomstig was, bevredigend voorsien kon word nie. Die haglike posisie blyk baie duidelik uit vergelykende tabelle wat in Augustus 1938 opgestel is. So byvoorbeeld kom 'n konserwatiewe behoeftebepaling ten opsigte van gewere op 250 000 te staan, waarvan net 91 000 beskikbaar was en slegs 49 000 in Verdedigingsvoorraad! Daar was 522 ligte masjiengewere beskikbaar teenoor 'n beraamde 1 300 wat vir vredestydse opleiding benodig is en 4 000 vir oorlog! Daar was 6 000 bomme beskikbaar (250 000 lb) — 'n voorraad wat net 3½ dae lank in een Bomwerpereskader se behoeftes kon voorsien. Om die benodigde artikels te bekom sou op sigself £5 miljoen kos terwyl daar steeds geen fasiliteite vir lugafweer, antitenk of die lê van myne in die Unieverdedigingsmag bestaan het nie. Behalwe die Munt en die Modderfonteinaanleg het daar niks tereggekom van enige van die 1934-planne nie.

## C. Kusverdediging

In 1933 is besluit om die Suid-Afrikaanse Kusverdediging teen 'n koste van £130 000 te moderniseer. In opvolging hiervan het die Britse Vloot ook die opleiding van die **Royal Naval Volunteer Reserve** (SA) oorgeneem. Sir Pierre van Ryneveld was egter van mening dat die Unie se kusverdediging op vaste verdedigingsinstellasies moes berus, soos uiteengesit tydens 'n vergadering in Julie 1933 by die Whitehall Gardens. Hankey se besoek in Augustus 1934 het sekere aspekte hiervan gefinaliseer, maar Brittanje kon en wou nie voldoen aan al die eise wat die ooreenkoms

gestel het nie. Hankey het die saak baie diplomaties benader: 'It would have been impolite to turn it down flat,' het hy gevoel.

Die Italiaanse inval in Ethiopië in Oktober 1935 het die strategiese belangrikheid van die Kaapse seeroete weer beklemtoon en Kaapstad se verdedigingswerke is merkbaar verbeter. Verder is Youngsfield-lughawe verbeter, Durban tot 'n mate gefortifiseer en 'n lughawe vir Port Elizabeth beplan. In Maart 1939 is die verkryging van die 'drywende fort', die kruiser **Erebus**, in die parlement aangekondig as deel van die verdediging van Kaapstad se hawe. Erebus was 'n oorlogskip wat vir 'n onbepaalde tydperk van Engeland geleen is.

In 1939 is kolonel P. de Waal aangestel as Direkteur van Kusverdediging.

## D. Vliegtuie en vliegopleiding

Lugvaart in Suid-Afrika was in sy kinderskoene in die vroeë dertigerjare. Ontwikkeling op hierdie gebied het begin wegbeweeg van die maklikvervaardigbare hout- en seilraamwerke met eenvoudige enkelmotore, na staalkonstruksies en komplekse vliegtuigenjins. In plaas daarvan dat die industrie gestabiliseer het, soos wat beplan is, moes dit nou tred hou met toenemende ontwikkeling en verandering. Baie gou het dit duidelik geword dat vliegtuigvervaardiging in die Unie nie sonder meer aangepak sou kon word ne. Stygende produksiekostes en die vinnige veroudering van modelle en toerusting het verder daartoe bygedra dat Suid-Afrikaanse vlieëniers baie min opleiding in operasionele vliegkuns ontvang het. Selfs verouderde vliegtuie is met moeite van ander lande bekom. So is daar met die gedeeltelike montering van Hawker Hartebeest vliegtuie in Suid-Afrika begin. In Augustus 1938 was daar reeds 69 Hartebeeste beskikbaar vir diens asook sewe Hawker Furies. Hierdie modelle was egter verouderd en het daarom baie ongunstige kommentaar uitgelok. Die Minister was ook van mening dat die Junker 86 vliegtuie wat aan die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens behoort het, maklik in bomwerpers omskep kon word. Sy veronderstelling het egter slegs op 'n teorie berus terwyl die feit dat dit Duitse vliegtuie was die Minister in 'n moeilike posisie geplaas het

Op 8 April 1937 het sir Pierre van Ryneveld die Sekretaris van Verdediging in kennis gestel van die 1937/38 Lugmagprogram. Hierdie insiggewende dokument stel die leser in staat om te besef hoe ondoeltreffend en klein die SA Lugmag was. Die beraamde opleidingsvermoë van die lugmag is in Oktober 1936 bepaal waarna bereken is dat tussen 1937 en 1939 'n totaal van 521 leerlingvlieëniers opgelei sou kon word. Volgens 'n opleidingskema wat op 1 April 1937 in werking getree het, sou 'n reserwemag van 1 000 vlieëniers aan die Unieverdedigingsmag beskikbaar gestel word. Tesame hiermee is 'n uitbreiding van die Lugmag voorsien en beplan vir tien Bomwerper vegeskaders, 'n ses-vlug vliegskool en 'n fotografiese en opmetingseskader. Die program was egter afhanklik van faktore soos die bekombaarheid van vliegtuie en om redes reeds hierbo bespreek, dus tot mislukking gedoem. In Februarie 1937 het die Minister gereken dat dit moontlik sou wees om ten minste drie moderne vegvliegtuie aan te koop, welke plan skynbaar ook misluk het, want volgens 'n sterktetabel van vliegtuie, opgestel in Augustus 1938, het die Lugmag slegs oor 'n geringe aantal ou vliegtuie beskik.

## E. Meganisasie en transport

In Europa, en veral na 1934 (in Duitsland) het bewapening baie duidelik ontwikkel in die rigting van gemeganiseerde pantservoertuie. Die Minister was bewus van hierdie tendens, maar volgens 'n verklaring in Maart 1939 is plaaslike eksperimente met meganisasie gestaak. Daar is voorsien dat die landmag se waarskynlike gevegsterrein die bosveldagtige dele ten noorde van die noordgrens van die Unie sal wees en derhalwe is by beplanning gekonsentreer op bosoorlogvoering, met beperkte aanwendingsmoontlikhede vir meganiese wapentuig. 'Mechanisation is magnificent in open country . . . but if you have to fight in the bushveld or in difficult country where you have no roads, your mechanised unit is much more difficult to move than if you use oxen or mules for traction', aldus segsmanne van dié tyd. 'n Eenheid word dus gevisualiseer wat makliker in boswêreld sal kan beweeg en 'the transport visualised for such a unit would take the form of a narrow bush cart . . . drawn by local native **oxen**'. Hierdie idee wat per slot van rekening op 'n mistasting berus het, is by twee geleenthede verduidelik (Burgerkommandante in Januarie 1938 en aan die Parlement in September

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 6, Nr 4, 1976. http://scientiamilitaria.journals.ac.za



**Hierdie boskarre, so is aanvanklik gereken, sou mobiliteit in bosoorlogvoering eerder in die hand werk as gemeganiseerde pantservoertuie.**

1938). Die beoogde 'bush cart' was in Februarie 1938 nog in 'n eksperimentele stadium en is moontlik as gevolg van gebeure hierna, nooit in die praktyk gebruik nie.

F. **Binnelandse houding**

Nadat die Britse opponering van die Duitse politiek van Adolf Hitler bekend geword het, was toestande in die Unie baie onseker. Daar is reeds gewys op die tradisionele bande met Duitsland en die Unie se Minister van Verdediging se suiwer Duitse afkoms. Suid-Afrikaanse leiers is op die gevaar van die Duitse imperialisme gewys. Dit het egter 'n netelige kwessie geword toe lede van die Koalisieregering se politieke partye oor die aangeleentheid verskil het. In 1936 het Hertzog aan Hankey gesê dat die Unie nie sy steun aan Engeland sou toesê in geval van 'n konfrontasie met Duitsland nie. Smuts daarenteen, het Hankey gewaarsku dat Hertzog die Duitse gevaar onderskat en in Maart 1939 is daar in die Parlement 'n noue verbintenis tussen die nasionaliste en Nasionaal-Sosialistiese Duitsland beweer.

Hierdie feite moes ongetwyfeld die Britse skakeling en toegeneentheid teenoor die Unie beïnvloed het. Die aangeleentheid het 'n hoogtepunt bereik in 1938 met 'n besoek van die Minister van Verdediging aan Duitsland en Spanje (waar generaal Franco in bevel was) en die verskyning van drie lede van die Luftwaffe in Februarie 1939 in die Unie. Hierdie voorvalle het talle vrae in die Parlement ontlok.

G. **Mobilisasie**

Doeltreffende mobilisasie hou nou verband met die formele organisasie van 'n verdedigingsmag. Die Verdedigingsmag, soos uiteengesit in Oktober 1934, het voorsieing gemaak vir die Spesiale Diensbataljon en die Pioniersbataljons wat gedurende die depressie in 1933/34 om maatskaplike redes op die been gebring is. As die enigste permanente Staandemageenhede, was hulle waardevol vir die Unieverdedigingsmag. Teen 1938 is vir grootskaalse herorganisasie beplan. Tot op hierdie

stadium was opleiding slegs van 'n tegniese aard. Van verpligte opleiding was daar geen sprake nie en daar is dus positief gewerk aan 'n beter beeld van die Verdedigingsmag.

Sterkte tabelle het egter nie baie belowend gelyk nie. Die Staandemagsterke in April 1937 was 2 279 man waarvan slegs 194 offisiere was! Hierdie groep is beskou as 'n pleidingskern, maar het geen noemenswaardige oefeninge van stapel gestuur om die Aktiewe Burgermaglede op te lei nie. Die reorganisasieprogram van 1938 het die Minister se 1934-beraming van 67 000 Aktiewe Burgermaglede as uitgangspunt geneem, maar teen Februarie 1939 was daar slegs 13 000 man onmiddellik beskikbaar. Mobilisasietoerustingtabelle is reeds in Oktober 1936 aangevra maar werklike mobiliseringsplanne is klaarblyklik eers laat in Maart 1939 uiteengesit.

In sy waardering van die situasie was die Minister oortuig dat mobilisasie nie onmiddellik sal hoef te geskied nie en derhalwe is 'n mobilisasieperiode van ses maande voorsien. Hierdie plan het baie kritiek in die Parlement uitgelok en dit lyk nie of enige verdedigingstafhoof dit self baie sterk ondersteun het nie.

## IV Die Britse siening

Die Unie se tradisionele bande met Brittanje, die verbondenheid aan die Statebond en die afhanklikheid van wapenvoorsiening het die Britse strategiese beplanning ook plaaslik van baie groot belang gemaak. Dit was implisiet aanvaar dat teen 1934 Suid-Afrika sou inskakel by verdedigingsamewerking wat deur die **Committee for Imperial Defence** gekoördineer is. Daar was onmiddellik huiwering ten opsigte van moontlike implikasies van hierdie samewerking en is daar gevoel dat die Unie nie deel sou wou hê aan operasies ver buite landsgrense of om imperiale gewin nie. Van Ryneveld maak in 'n ongedateerde motivering melding van die Minister se uitgesproke teenkanting teen die aanwending van die Unieverdedigingsmag buite Afrika.

Brittanje was bewus van hierdie probleme. Insidente in Lusaka en in die Soedan (Bolsjewistiese neigings) het die noodsaaklikheid van Britse bystand meer op die voorgrond




Die vaandelparade van die Spesiale Diensbataljon.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 6, Nr 4, 1976. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

laat tree. Enersyds is dit aan Suid-Afrikaanse kant gebruik om wapentuig te verkry van Brittanje en andersyds gevrees dat die Unie betrokke sou raak by aktiwiteite ter beskerming van die 'Empire'.

Vorderingsverslae van die Krygsbehoefteraad se werksaamhede is gunstig in Brittanje ontvang. Ten opsigte van die koördinering van die beskerming van Britse invloedsfere in Afrika het niks werklikheid geword nie. Dit is egter duidelik dat na mate 'n konfrontasie in Europa meer onafwendbaar geword het en die uitwerking van verdedigingsbeplanning 'n groter werklikheid geword het, die Suid-Afrikaanse koalisiebewind se onversoenbaarhede begin wys het. Hieruit kan ook afgelei word dat pro-Duitse elemente in die Unie nouer samewerking met Brittanje onmoontlik gemaak het en 'n definitiewe negatiewe faktor was in die koördinering van verdedigingskemas in die Britse Ryk.

## V Waardering

Ten spyte van die Minister se verklarings in die Parlement op 23 Maart 1939 dat die vyfjaarplan se doelwitte bereik is, moet die werklike toedrag van sake in oënskou geneem word. Sterktes het in September 1939 soos volg daar uitgesien:

| | Offisiere | Manskappe | Totaal |
|---|---|---|---|
| Staande Mag ...... | 352 | 5 033 | 5 385 |
| ABM ...... ...... ...... | 918 | 12 572 | 13 490 |
| TOTAAL ...... ...... | 1 270 | 17 605 | 18 875 |

Die verwagte totaal van 67 000 Aktiewe Burgermaglede is nie naastenby berei nie. Aan krygsbehoeftes het dit erg mank gegaan. Organisatories was die beoogde Unieverdedigingsmag in 1939 nog in so 'n mate in 'n beplanningstadium dat dit bykans slegs op papier bestaan het. Kritiek hieroor kan maklik by wyse van statistiek uit verband geruk word. Hierteenoor kan egter nie diepgaande besware gemaak word teen die waardering en evaluering van die Suid-Afrikaanse posisie van 1934 nie. Teen 1939 was Suid-Afrika egter nie weerbaar nie en besware moet dus gerig word aan die adres van tussentydse beplanning en algemene benadering tot die Unieverdedigingsmag met inagneming van beperkings soos fondse en tegnologie.

Organisatories kan die gelyke posisie wat die Hoof van die Generale Staf en die Sekretaris beklee het, as 'n funksionele swakheid uitgewys word. Koördinasie tussen die twee persone en die Minister het die implimentering en rasionalisering van die Unieverdedigingsmag op dun ys geplaas in die praktyk.

Een aspek van die vyfjaarplan wat waardering verdien is die daarstelling van die Spesiale Diensbataljon wat 'n Unieverdedigingsmag konstante positiewe faktor in die verdedigingsopset was.

Beplanning en uiteensetting op teoretiese vlak, die werk van die krygsbehoeftevoorsieningsraad in die koördinering van nywerheidsinstansies en die skepping van 'n verdedigingsbewussyn in die Unie was van blywende waarde en verdien krediet.